

Skriflesing: Mark 16:1-20

Tema: Jesus leef en ons met Hom!

Die opstanding van Jesus is die hoogtepunt, nie net van ons eie geloof nie, maar ook van Jesus se bediening. Dit was waarvoor Hy gekom het. Om sonde en die straf op sonde, die dood te oorwin!

Sonder die opstanding was daar nie 'n Nuwe Testament, of kerk gewees nie! Die Bybel sou nie nodig wees nie. Al waaroor ons sou kon praat was van nog 'n besondere iemand wat dood is. Ja, en dit sou miskien vir 'n week of twee nuus gewees het, maar sou vinnig ou nuus word.

Maar wat 'n hoogtepunt moes wees het vinnig 'n laagtepunt geword. Want in die hele verhaal van Jesus se opstanding val een woord op: *ongeloof*. Feitlik almal se reaksie: hulle het "nie geglo nie." Wat 'n antiklimaks moes dit nie vir Jesus gewees het nie!

Skriflesing: Markus 16:1-20

Feitlik al die mense rondom die leë graf het op een of ander manier gesukkel om dit wat daar gebeur het, te glo. Die feit dat Jesus daardie Sondagmôre sou opstaan, is nie nuwe nuus nie! Jesus het meer as een keer vir hulle gesê dat Hy uit die dood sal opstaan (Mark 8:31, 9:31, 10:34)! En nie net *dat* Hy sal opstaan nie, maar ook *wanneer* Hy sal opstaan!

Die vroue gaan soek 'n lyk in die graf. Hulle gaan om Hom te balsam.

Die engel sê vir die vroue: ⁶"Moenie skrik nie! Julle soek Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie hier nie. Kyk, daar is die plek waar hulle Hom neergelê het. ⁷Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het." (Mark 16:6-7)

Hierdie bemoedigende woorde help glad nie. Die vroue skrik so groot dat hulle bewe, weghardloop en vir niemand anders iets daarvan gesê nie. Hulle was bang.

Uiteindelik is dit Maria Magdalena wat van Jesus se opstanding vertel aan die dissipels wat besig is om te treur en huil. Maar hulle het haar nie geglo nie!

Toe verskyn Jesus self aan wat ons vermoed die Emmausgangers was en dié twee vertel dit vir die dissipels. Die dissipels het hulle ook nie geglo nie.

Later verskyn Jesus aan die 11 dissipels en hulle vertel dit vir Tomas wat nie daar was nie en wat sê Tomas? "As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie." (Joh 20:25)

Na Jesus se opstanding sit Hy met hierdie kerngroep getuies wat nie glo dat Hy lewe nie!

Waarom glo hulle nie? Hy het dan gesê dit gaan gebeur. Die Emmausgangers het na sy gesprek met hulle Hom eers herken toe Hy kom kuier en brood breek gebreek het. Toe het hulle geglo. Thomas verwoord dalk dit wat almal eintlik wil sê.

Matteus vertel ook dat, toe die nuus van Jesus se opstanding by die Priesterhoofde uitkom, het hulle vergadering gehou en 'n plan gemaak om die nuus te verdraai.

Ons lees in Matteus 28:13 dat hulle die wagte omkoop en sê hulle moet vertel sy dissipels het in die nag gekom en sy liggaam gesteel terwyl hulle geslaap het. Die wagte het toe die

geld gevat en gemaak soos hulle voorgesê is. “Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode vertel.”

Daar is vandag nog mense wat sukkel om die storie oor die opstanding te glo! Die omkoopgeld van die leuen dat Hy dood is en dat sy liggaam gesteel of iewers anders gebêre is, loop vandag nog rente. Vir baie mense is Jesus steeds dood!

Hoe maklik of moeilik is dit vir jou om te glo dat Hy leef? Ons hoor vandag die Paasfeesklokke lui. Ons sing: “Die Heer, die Heer het opgestaan!”

Ons bely ons geloof met die volgende woorde: “Ek glo in Jesus Christus, wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.”

Maar sien jy dit en leef jy dit? Wanneer ons ons eie moeilikheid en hartseer en bekommernis beleef; wanneer ons kyk na die donker van geweld, misdaad, korrupsie, werkloosheid en honger in ons land is dit moeilik om te bly glo dat die Here leef en in beheer is. Ons kyk na die pandemie; soveel mense wat sterf of wat sukkel met hul gesondheid en dit is moeilik om te glo dat die Here kan genees.

Ons worstel om te glo dat Hy voor die graf van finansiële druk of familieprobleme of huwelikskonflik die grafsteen sal kan wegrol.

Ja, ons bely dalk nog dat Jesus opgestaan het en lewe, maar die toets van ons geloof lê in die praktyk! Die toets is wanneer ons by die leë graf aankom en dit wat ons weet, wat ons gehoor het en wat ons bely, moet gaan toepas en daaruit lewe.

Jy sien, en dit is daar waar ons dikwels kleitrap, net soos die vroue, net soos die dissipels en net soos Tomas. Ons weet ’n klomp goed wat God gesê het en wat Hy alles belowe het, maar wanneer ons in die praktyk deur die lewe opgevrommel word ervaar almal van ons hierdie sukkel-om-te-glo momente.

Hoe hanteer Jesus sukkel-om-te-glo mense?

Die evangelie van Jesus kan nie eindig by ’n graf, bang vroue en ’n skinderstorie nie!

Jesus spreek die dissipels aan. Ons lees in Markus 16:14: “Later het Jesus aan die elftal self verskyn terwyl hulle aan tafel was. Hy het hulle verwytd oor hulle ongeloof en hardheid van hart omdat hulle dié wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.”

Jesus is teleurgesteld dat die dissipels nie Hom en ook nie die getuienis van ander mense geglo het nie.

Maar terselfdetyd gaan wag Hy vir hulle in Galilea om hulle weer in diens te neem as dissipels. Petrus se naam word spesifiek genoem. Kan jy dink hoe hy moes gevoel het. Hy het Jesus verloën en verraai. Ook met Hom wil die Here voorbegin en oorbegyn.

Die dissipels gaan aanvanklik nie Galilea toe nie. Hulle is so bang dat hulle in Jerusalem agter geslote deure bly. Dit is waar die opgestane Jesus hulle die eerste keer ontmoet. Later sou Hy hulle in Galilea ontmoet (Joh 21)

Jesus was teleurgesteld in hulle, maar tog, tog vertrou Hy die opstandingsboodskap en

getuienis aan hulle toe. Hulle moet aan al die mense die goeie nuus gaan vertel. Almal moet hoor van sy opstanding, vergifnis en ewige lewe.

Dit is ongelooflik dat God die toekomstige geloofwaardigheid van die opstanding nie aan die engele toevertrou om oor te vertel nie, maar gewone mense, sukkel-om-te-glo mense, mense soos ek en jy daarmee vertrou.

Afsluiting

Die Here roep elkeen van ons weer so bietjie nader vanoggend. Hy spreek jou eie ongeloof of sukkel-om-te-glo momente aan deur vir jou te wys dat Hy lewe. Die klip is weggerol. Hy kan die klip voor enige graf wegrol, dit maak nie saak of dit 'n werklike, emosionele, fisieke, finansiële of verhoudingsgraf is nie.

Hy wys vir ons dat Hy lewe en Hy stuur ons uit na mekaar om mekaar te herinner dat Hy leef en sy beloftes hou.

Hy stuur jou en my uit na 'n wêreld vol twyfel en omkoopstories, 'n wêreld wat geloof nodig het.

Hy stuur ons na 'n wêreld wat uit die mond van gewone mense, soos ons, moet hoor dat Jesus lewe en dat Jesus lewe gee. Hy stuur ons na 'n wêreld wat moet hoor dat God sukkel-om-te-glo mense gebruik om sukkel-om-te-glo mense te bemoedig!

Amen